# HOOFSTUK VYF

## SAMEVATTING

Schweizer-Reneke, waarvan die swart dorp Ipelegeng tans deel vorm, is in 1888 op die oewers van die Hartsrivier, die wesgrens van die destydse Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gevestig. Volgens huidige provinsiale indeling is Schweizer-Reneke deel van die Noordwes-provinsie. Onder die buurdorpe tel die volgende: Bloemhof, Delareyville en Christiana. Die dorp is 322 kilometer vanaf Johannesburg geleë.

**Hoofstuk Een** wat op vestigingspatrone in die omstreke van Schweizer-Reneke konsentreer, kan as 'n inleiding vir die fokus op swart dorpsontwikkeling van Ipelegeng beskou word. Hierin word die historiese verloop vanaf die vestiging van die vroeë bewoners van die gebied tot en met die uitbreek van die Spaanse Griepepidemie van 1918 verwoord. Wat duidelik uit die hoofstuk na vore kom, is dat die proses van konflik wat met migrasie en verstedeliking gepaard gegaan het, soos wat dit teen die laat 19de eeu in Schweizer-Reneke daaruit gesien het, nie 'n unieke saak was nie. Die verloop van verskuiwing en hervestiging het wel verskil. Waar daar byvoorbeeld van die Potgieter-strafkommando in Januarie 1838 gesê kon word dat die konflik tussen blank en swart oor die terugwin van vee gegaan het, maar eventueel gelei het tot 'n verskraling van Ndebele-grondgebied, kan die blank en bruin/swart-konflik in die Schweizer-Reneke-gebied teruggevoer word na botsings oor grond.

Die San was die eerste bewoners van die Mamusa-omgewing (tans Schweizer-gebied). Nagenoeg 2 000 jaar gelede het 'n tweede groep, die Khoikhoi, ook die gebied binnegetrek. 'n Derde groep bewoners, die Wes- en Suid-Sotho-groepe, het vanaf die 17de eeu saam met die San en Khoikhoi in die omstreke van Mamusa gewoon. Tussen 1913-1920 het die Taaibosch-Korannas, wat uit die Kaap daarheen getrek het hulle ook by Mamusa gevestig.

Tussen die verskeidenheid van groepe wat hulle vanaf die 17de eeu tussen die Vaal- en Hartsrivier gevestig het, het wrywing mettertyd ontstaan. Onderlinge twis tussen die Koranna en hulle stryd

met onder meer die Thlaping ('n Wes-Sotho-groep) vorm 'n onmisbare deel van die vroeë geskiedenis van die gebied waarin Mamusa geleë was.

Dit was 'n algemene tendens dat die Khoikhoi en swart groeperinge die San as hulle mindere beskou het. Die San is dan ook dienooreenkomstig behandel - 'n bewys dat die skending van menseregte 'n lang en betreurenswaardige geskiedenis het.

Vanaf 1930 het blankes ook die gebied ten noorde van die Hartsrivier begin eksploreer vir jagdoeleindes. Dit het uitgeloop op blanke dorpsvestiging, wat verder deur die ontdekking van diamante in die omgewing van Schweizer-Reneke, aangemoedig is.

Die ontdekking van diamante het daartoe meegehelp om vyandigheid tussen die ZAR en Brittanje te skep. Swart stamme is ook direk geraak deur die Suid-Afrikaanse oorlog wat mettertyd gevolg het. Brittanje en die ZAR het groter beheer oor die swart groeperinge uitgeoefen deurdat lokasies (aanvanklik as reservate bekend) as grondgebied vir hulle afgebaken is.

Die Korannas het hulle lokasie, wat "Massouw Lokati" sou heet, se afbakening in 1885 met geweld teengestaan. Met die Slag van Mamusa het die Korannas hulle onafhanklikheid verloor en dit het ook 'n einde gebring aan die bestaan van die Korannas as volk in Suid-Afrika. Na die Slag van Mamusa het die ZAR sy gesag in die gebied oorkant die Vaalrivier bevestig. So is die weg vir verdere blanke dorpstigting gebaan. Die Slag van Mamusa het ook meegebring dat die "Mamusa Lokati" nie meer nodig was nie. Dit is dan ook op die grondgebied van die "Mamusa Lokati" dat Schweizer-Reneke in 1888 gestig is.

Lokasies as "woongebiede" vir verstedelikte swartes het by blanke dorpe en stede dwarsoor die ZAR ontstaan - ook by Schweizer-Reneke. Hierdie lokasie by Schweizer-Reneke het informeel as Lokasie Een bekend gestaan. Daar was nie formele swart dorpsontwikkeling nie, en die Dorpsraad van Schweizer-Reneke as plaaslike regeringsliggaam het nie 'n besondere betrokkenheid in die lokasie getoon nie. Hierdie situasie sou egter na die uitbreek van die Spaanse Griepepidemie van 1918 verander.

In **Hoofstuk Twee** val die klem op die keerpunt wat die Spaanse Griepepidemie in swart dorpsontwikkeling in die Schweizer-Reneke-gebied gebring het. Die negatiewe houding van die lokasie-inwoners teenoor die voorgenome lokasie en die ongunstige finansiële posisie van die Dorpsraad, was egter struikelblokke in die weg van swart dorpsontwikkeling. Lokasie Twee sou

eers in 1927 geproklameer word. Dit is ook duidelik dat die griepepidemie eerder as swart verstedeliking, dorpsontwikkeling en hervestiging aangemoedig het.

Aangesien die Dorpsraad Lokasie Twee as die groeipunt van toekomstige swart vestiging beskou het, het Lokasie Een ongeproklameerd gebly. Gedurende 1940 het die Dorpsraad die lokasie egter noodgedwonge geproklameer om die voortslepende verskuiwingsproses vanaf Lokasie Een na Lokasie Twee te bespoedig. Hierdeur is die inwoners van Lokasie Een dus op subtiele wyse gedwing om na Lokasie Twee te verskuif.

Alhoewel daar nie gedwonge verskuiwing by Schweizer-Reneke plaasgevind het nie, het dit nie beteken dat die verskuiwing van Lokasie Een na Lokasie Twee sonder ontevredenheid en probleme plaasgevind het nie. Die feit dat daar geen gedwonge verskuiwing was nie, was grootliks te danke aan die ongunstige finansiële posisie van die Dorpsraad van Schweizer-Reneke.

Die formele uitleg van Lokasie Twee het die basis vir toekomstige infrastrukturele ontwikkeling onder beheer van die Dorpsraad gelê. Die kerke in die lokasie het ook onder leiding van die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Schweizer-Reneke die weg gebaan vir swart onderwys. Blanke inisiatief by Schweizer-Reneke ten opsigte van swart dorpsontwikkeling was dus baie sterk - 'n algemene tendens van die vroeë 20ste eeu in Suid-Afrika.

Op plaaslike bestuursvlak was dit duidelik dat die twee lokasies nie 'n eerste prioriteit vir die Schweizer-Reneke Dorpsraad was nie. Die inisiatief wat die lokasie-inwoners ten opsigte van swart plaaslike bestuur geneem het, was vir die Dorpsraad onaanvaarbaar en het die verhouding tussen die twee partye versuur. Dit sou eers in 1944 wees dat 'n voltydse blanke Lokasiesuperintendent deur die Dorpsraad aangestel is, en so het 'n nuwe era vir swart plaaslike bestuur by Schweizer-Reneke aangebreek.

In **Hoofstuk Drie** is gekonsentreer op die aanstelling van die lokasiesuperintendent wat gevolg is deur die benoeming van die eerste Adviesraad. Hiermee is daar vir die eerste keer amptelik 'n kanaal geskep waardeur die lokasie-inwoners die Dorpsraad van hulle probleme en behoeftes kon verwittig.

Gedurende die veertigerjare was die Dorpsraad genoodsaak om Lokasie Twee te vergroot. Met hierdie uitbreiding sou 'n plofbare situasie ontstaan, aangesien dit aan blanke grondgebied gegrens het. Dit het negatief ingewerk op onderlinge verhoudinge tussen die betrokkenes. Die onteiening

van die blanke grond vir swart dorpsontwikkeling was mettertyd die gevolg. Dit kan weliswaar gesien word as 'n geval van blanke "gedwonge verskuiwing" - 'n term wat hedendaags veral heenwys na swart groepe in Suid-Afrika en ontwrigting gedurende die apartheidsera en vroeër. Die historiese tekens daarvan in Schweizer-Reneke is sigbaar. Dink maar aan die redes vir die ZAR-Koranna-oorlog, gevolg deur die "Lokasie" of plakkersverskuiwing in die twintiger-dertigerjare van dié eeu. Verskuiwing en onteiening van grond het by Schweizer-Reneke - net soos by vele ander gemeenskappe in Suid-Afrika - gepaard gegaan met versetaksies en ontevredenheid. Daar moet ook onthou word dat verskuiwing en onteiening maniere was waarop die regering van die dag sy apartheidsbeleid prakties wou toepas en maak werk het. Tog het dit ook 'n positiewe inpak op formele swart dorpsontwikkeling by Schweizer-Reneke gehad. Hiervan getuig die infrastrukturele ontwikkeling wat daaruit gevloei het.

Vir die inwoners van Ipelegeng het die dorpsuitbreiding verbeterde dienste tot gevolg gehad. Infrastrukturele ontwikkeling het ook 'n hupstoot gekry toe die eerste handelslisensies aan swart sakemanne in die laat 1960's toegestaan is. Dit het gebeur na vele onsuksesvolle aansoeke en ook 'n vroeë petisie deur die lokasie-inwoners.

Met die toepassing van die Groepsgebiedewet (1950) as uitvloeisel van die apartheid-/ afsonderlike ontwikkelingsbeleid van die regering, is Lokasie Twee as die amptelike swart woongebied van Schweizer-Reneke beskou. Dit het 'n einde aan die verskuiwingsproses gebring. Lokasie Een is hierdeur uitgefaseer.

Na gelang die beleid van afsonderlike ontwikkeling verder toegepas is, het die regering beoog om Lokasie Twee na Taungs in die Bophuthatswana tuisland te verskuif. Na deeglike oorweging is egter daarteen besluit, aangesien so 'n verskuiwing nie voordelig vir die swart mense sou wees nie en dit ook negatief op die ekonomie van die omgewing sou inwerk. Afsonderlike ontwikkeling is ook afgewentel na plaaslike bestuursvlak in die vorm van die Wes-Transvaalse Bantoe-administrasieraad (W-TVL BAR). Hiermee is Lokasie Twee onder beheer van 'n afsonderlike plaaslike bestuurstruktuur geplaas.

**Hoofstuk Vier** begin met die samestelling van die W-TVL BAR deur verteenwoordigers uit die onderskeie blanke Dorpsrade. Met hierdie Administrasieraad was Ipelegeng (die naam wat aan

Lokasie Twee gegee is) onder blanke bestuur en swart inwoners het gevolglik nie werklik seggenskap daarin gehad nie.

Wetgewing om die swart woongebiede 'n groter mate van onafhanklikheid te gee, het gekom met die Wet op Gemeenskapsrade. Hiermee was dit vir Ipelegeng moontlik om deur middel van sy eie verteenwoordigers deel te neem aan die W-TVL BAR.

Munisipale dienslewering was egter nog in die hande van die Dorpsraad van Schweizer-Reneke, aangesien die Dorpsraad op agentskapsbasis namens die W-TVL BAR dienste aan Ipelegeng verskaf het. Hierdie situasie het egter verander met die instelling van die Wesvaal-streeksdiensteraad, wat in 1972 by die W-TVL BAR as swart plaaslike bestuurstruktuur oorgeneem het. So is die betrokkenheid van die blanke Dorpsraad by Ipelegeng verder beperk.

Die tydperk vanaf 1945 tot 1988 kan beskou word as 'n skolingsproses waardeur Ipelegeng op die weg van onafhanklike plaaslike bestuur geplaas is. Deur deelname aan die algemene plaaslike verkiesings van 1988 het Ipelegeng 'n volwaardige demokratiese Dorpsraad/-komitee gekry. Hiermee het 'n tydvak vir die dorp aangebreek waarin die inwoners vir die eerste keer volle verantwoordelikheid vir "eie sake" aanvaar het.

Met die politieke veranderinge wat veral vanaf 1991 op nasionale vlak in Suid-Afrika ingetree het, was dit onvermydelik dat plaaslike bestuurstrukture drasties sou verander. In ooreenstemming hiermee is Schweizer-Reneke en die nabygeleë woongebiede na die verkiesings van 1995 onder die plaaslike bestuur van 'n Oorgangsraad, die "groter Schweizer-Reneke" geplaas. Op die Raad rus 'n grootse taak om die uitdagings in die veranderende Suid-Afrika aan te pak sodat gemeenskapsontwikkeling in die volle sin van die woord 'n werklikheid kan word.